Die Nasionale Simbole

DIE NASIONALE VLAG

Die nasionale Vlag van die Republiek van Suid-Afrika is op **Vryheidsdag, 27 April** 1994, ingewy. Die unieke sentrale ontwerp van die vlag wat met 'n "V" by die vlagpaal begin, en wat in die middel van die vlag bymekaar kom en as 'n enkele horisontale band tot aan die buitekante van die vlagsoom loop, kan vertolk word as verteenwoordigend van die eenheid van diverse elemente binne die Suid-Afrikaanse samelewing wat verenigd die pad vorentoe saamloop. Die Nasionale Vlag moet met waardigheid en respek bejeën word.

Wanneer die vlag aan 'n vlagpaal gehys word, moet die rooi band bo en die swart driehoek aan die kant van die paal of paalkant vertoon. Wanneer dit horisontaal teen 'n muur vertoon word, moet die paalkant aan die linkerkant van die toeskouer en die rooi band heel bo wees. Wanneer die Nasionale Vlag vertikaal teen 'n muur vertoon word, moet die rooi band aan die linkerkant van die toeskouer wees, met die paalkant of die koordsoom heel bo.
Die Vlag mag nie aan die grond of die vloer raak nie.



Die Vlag mag nie as 'n tafeldoek gebruik word of oor die voorkant van 'n platform gedrapeer word nie;
Die Vlag mag nie gebruik word om 'n standbeeld, 'n gedenksteen, 'n hoeksteen, ens. te bedek tydens onthullings of soortgelyke seremonies nie;

Die Vlag mag nie gebruik word om enige kompetisie, wedren of soortgelyke geleentheid te begin of te eindig nie.

Burgers wat verantwoordelik is vir die vlag moet op eie diskresie besluit of die klein vlaggie (stormvlag) gedurende stormagtige weer gebruik moet word, wanneer dit lyk asof die groter vlag, vlagtou of die vlagpaal beskadig kan word. Die grootte van die vlag wat gedurende stormagtige weer gebruik moet word, is 90cm x 60cm en vir gewone gebruik – 270cm x 180cm, of 180cm x 120 cm vlae kan gebruik word volgens die grootte van die gebou.



DIE NASIONALE VIS is die GALJOEN (*Coracinus capensis*) en word langs die Suid-Afrikaanse kus gevind. Dit bly gewoonlik in vlak water en kom gereeld voor in onstuimige branders en soms reg langs die strand. Elke hengelaar ken die galjoen. Die galjoen se dieet bestaan hoofsaaklik uit rooi aas (bekerdiere), klein mossels en eendmossels.

DIE NASIONALE BOOM is die WARE GEELHOUT (*Podocarpus latifolius*). Dit kom voor vanaf Tafelberg, langs die suidelike en oostelike Kaapse kus, in die bergklowe van die Drakensberge op tot by die Blouberg en die Soutpansberg in Limpopo. Die bas van die ware geelhout is kakie-kleurig tot grys as dit oud is, diep gesplete en dit skil in stroke af. Die kroon is relatief klein in verhouding tot sy hoogte en is dikwels met grys mos bedek.

DIE NASIONALE DIER is die SPRINGBOK (*Antidorcas marsupialis*). Hierdie spesie het aangepas by droë, dorre gebiede en grasvelde en word dus veral in die Vrystaat, Noordwestelike Provinsie en in die Karoo tot by die Weskus gevind. Hulle beweeg gedurende die wintermaande in klein troppies, maar in die somer kom hulle gereeld bymekaar in groter troppe. Hulle teel regdeur die jaar aan en hul lammertjies word na 'n 6-maande draagtyd gebore.



DIE NASIONALE BLOM is die REUSE of KONING PROTEA (*Protea cynaroides*), wat voorkom in die suid-westelike en suidelike areas van die Wes-Kaap, vanaf die Sederberge op tot net oos van Grahamstad. Die artisjokagtige voorkoms van die blomkoppe van die Koning Protea het gelei tot die spesifieke benoeming 'cynaroides' wat beteken "soos cynara" (die artisjok). 'n Groot verskeidenheid kleure en blaargroottes word gevind, maar die mooiste een is die pienk blom.

DIE NASIONALE VOËL is die BLOUKRANSVOËL (*Anthropoids paradisia*). Hulle kom algemeen voor in die Karoo en word ook op die grasvelde van Kwazulu-Natal en die Hoëveld gesien, gewoonlik in pare of klein familiegroepe. Hierdie elegante voël is ligblou-grys van kleur met 'n lang nek, 'n redelik bolvormige kop, lang bene en elegante vlerkpluime wat tot op die grond sleep. Die voël eet sade, insekte en reptiele.

DIE NATIONALE ORDES

Nasionale Ordes is die hoogste toekennings wat die land, deur middel van die Staatspresident, aan individuele Suid-Afrikaners, buitelandse leiers en persoonlikhede kan toeken. Vanaf **27 April 2002** is nuwe, radikaal verskillende Nasionale Ordes uitgereik. Hul ontwerpe inkorporeer inheemse simbole om erkenning te gee aan gemeenskappe wat voorheen uitgesluit was.

Die Orde va Ikhamanga word toegeken aan Suid-Afrikaanse burgers wat op die gebiede van kuns, kultuur, letterkunde, musiek, joernalistiek en sport uitgeblink het.

Die Orde van Mapungubwe word toegeken aan Suid-Afrikaanse burgers vir uitstekende en uitmuntende prestasie.

Die Orde van Luthuli word toegeken aan Suid-Afrikaanse burgers wat 'n betekenisvolle bydrae lewer tot die stryd vir demokrasie, menseregte, nasiebou, geregtigheid, vrede en konflikoplossing.

Die Orde van Mendi vir Dapperheid word toegeken aan Suid-Afrikaanse burgers vir besondere dade van dapperheid waardeur hul eie lewens in groot gevaar gestel is

Die Orde van die Vriende van OR Tambo word toegeken aan Staatshoofde en ander hooggeplaastes vir ywerige bevordering van vrede, samewerking en vriendskap teenoor Suid-Afrika

Die Orde van die Baobab word toegeken aan Suid-Afrikaanse burgers vir voortreflike diens op sakegebied en die ekonomie, wetenskap, geneeskunde, tegnologiese vernuwing en gemeenskapsdiens.

DIE NASIONALE LANDSWAPEN

Die Landswapen is op Vryheidsdag, **27 April 2000** bekend gestel. 'n Sentrale beeld van die Landswapen is die welbekende sekretarisvoël met sy uitgestrekte vlerke.
Bó die voël is die opkomende son, 'n krag wat lewe gee. Dit verteenwoordig die verdwyning van donkerte en die triomf van ontdekking, kennis en begrip van dinge wat verborge was. Dit verlig die nuwe lewe wat so pas begin het.
Onderkant die voël is die protea, 'n inheemse plant van Suid-Afrika. Dit verteenwoordig skoonheid, die estetiese harmonie van al die kulture en ook hoe Suid-Afrika as 'n nasie blom. Die koringare verteenwoordig die vrugbaarheid van die grond, terwyl die tande van die Afrika-olifant dui op wysheid, standvastigheid en krag.

In die middel staan 'n skild, wat die beskerming van Suid-Afrikaners van een geslag tot die volgende geslag aandui. Aan die bokant van die skild is 'n assegaai en 'n knopkierie. Saam verteenwoordig hulle die beskerming van vrede eerder as tekens van oorlog. Die skild van vrede, wat 'n mens ook aan 'n Afrika-trom herinner, dra die boodskap van mense vervul met 'n liefde vir kultuur.
Die boonste gedeelte van die skild is 'n skild wat vindingryk deur die protea uitgebeeld word. Binne die skild is van die vroegste afbeeldings in die wêreld van die mensdom. Diegene wat uitgebeeld word, was die heel eerste inwoners van die land, naamlik die Khoi en San. Die figure is 'n nabootsing van dié op die Linton-klip, 'n wêreldberoemde voorbeeld van Suid-Afrikaanse rotskuns.

Die leuse op die landswapen, !ke e: /xarra //ke, is in die San taal van die /Xam en beteken "diverse mense verenig", of "die samekoms van mense wat verskillend is".

Vryheidsdag 27 April

Department of Cultural Affairs and Sport
Departement van Kultuursake en Sport
Isebe Lemicimbi yeNkcubeko NeMidlalo

DIE NASIONALE VOLKSLIED

Nkosi sikelel' iAfrika
Maluphakanyisw' uphondo lwayo,
Yizwa imithandazo yethu,
Nkosi sikelela, thina lusapho lwayo.
Morena boloka setjhaba sa heso,
O fedise dintwa le matshwenyeho,
O se boloke, O se boloke setjhaba sa heso,
Setjhaba sa South Afrika - South Afrika.
Uit die blou van onse hemel,
Uit die diepte van ons see,
Oor ons ewige gebergtes,
Waar die kranse antwoord gee,
Sounds the call to come together,
And united we shall stand,
Let us live and strive for freedom,
In South Africa our land.

Die Nasionale Volkslied is in 1997 geproklameer en is 'n verkorte, gekombineerde weergawe van twee nasionale volksliedere ("Nkosi Sikelel' iAfrika" en "The Call of South Africa"/"Die Stem van Suid-Afrika"). Dit is uniek, omdat dit in vier tale gesing word. Dit demonstreer die volgehoue wil van Suid-Afrikaners om te versoen en nasionale eenheid te bevorder.

"Die Stem van Suid-Afrika" is 'n gedig wat in Mei 1918 deur CJ Langenhoven geskryf is en in 1921 getoonset deur eerwaarde ML de Villiers. Dit is op 31 Mei 1928 die eerste keer in die openbaar gesing by die amptelike hysing van die nasionale vlag in Kaapstad. Eers op 2 Mei 1957 het die regering "Die Stem" as die amptelike nasionale volkslied van Suid-Afrika aangekondig. In 1952 is die amptelike Engelse weergawe, "The Call of South Africa" vir amptelike gebruik aanvaar.

In 1897 is "Nkosi Sikelel' iAfrika" deur Enoch Sontonga, 'n Metodiste sendingskoolonderwyser, gekomponeer. Die digter Samuel Mqhayi het later nog sewe strofes in isiXhosa tot die gedig bygevoeg. 'n Sesotho weergawe is in 1942 deur Moses Mphahlele gepubliseer. "Nkosi Sikelel' iAfrika" het 'n bekende kerklied geword, is later as 'n volkslied op politieke vergaderings en gedurende die apartheidsjare as 'n toonbeeld van verset gesing. Die eerste strofe word gewoonlik in isiXhosa of isiZoeloe gesing, gevolg deur die Sesotho weergawe.

·Die Nasionale Volkslied moet met die nodige respek voorgedra word.
·Wanneer die nasionale volkslied gesing word, moet almal regop staan en aandag skenk.
Burgerlikes moet hul hoofbedekkings afhaal as 'n teken van respek.